basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye,**
**'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeuring.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Rekonsiliasies | 40 | 30 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 35 | 30 |
| **3** | Begrotings | 40 | 30 |
| **4** | Voorraadwaardasie en Vaste Bates | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: REKONSILIASIES (40 punte; 30 minute)

### 1.1 BANKVERSOENING

Die inligting het betrekking op Mango Handelaars vir Junie 2023. Die besigheid gebruik die amptelike bankstaat wat elke maand op die 26ste ontvang word.

**GEVRA:**

1.1.1 Bereken die volgende op 30 Junie 2023:

- Korrekte totale vir die Kontantjoernale. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien is. (12)
- Bankrekeningsaldo in die Algemene Grootboek van die besigheid (4)

1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2023 op. (8)

1.1.3 Verduidelik TWEE strategieë wat die besigheid kan gebruik om die probleem van kontant wat vermis raak, op te los. (4)

**INLIGTING:**

**A. Die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2023 het die volgende getoon:**

| | |
|---|---|
| **Gunstige saldo op die Bankstaat** | R 27 600 |
| | |
| **Uitstaande deposito's:** | |
| • 18 Mei 2023 | 30 000 |
| • 30 Mei 2023 | 18 200 |
| | |
| **Uitstaande EFO's:** | |
| • EFO 816 (aan Ace Skryfbehoeftes) | 7 400 |
| • EFO 817 (aan Spark Groothandelaars) | 19 300 |
| | |
| **Gunstige saldo op die Bankrekening in die Grootboek** | 49 100 |

**LET WEL:** Die kassiere het aangemeld dat die kontant wat op 18 Mei gedeponeer moes word, op pad bank toe gesteel is. Hierdie bedrag moet afgeskryf word.

**B. Totale van die Kontantjoernale op 30 Junie 2023 voordat die Bankstaat ontvang is:**

| Kontantontvangstejoernaal | Kontantbetalingsjoernaal |
|---|---|
| R81 300 | R80 620 |

**C. Uittreksel uit die Junie-bankstaat:**

| BESONDERHEDE | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Ace Skryfbehoeftes (EFO 816) | 4 700 | |
| Spark Groothandelaars (EFO 817) | 19 300 | |
| BK Bouers (EFO 792) | 6 200 | |
| Deposito (30 Mei) | | 18 200 |
| Kontantdepositofooi | 320 | |
| Direkte deposito: G Glen | | 14 600 |
| VX Garage (EFO 818) | 3 780 | |
| Rente | | 240 |
| Transaksiefooie | 540 | |
| Transaksiefooie | 540 | |

- EFO 816 (aan Ace Skryfbehoeftes) is korrek op die Bankstaat.
- EFO 792 (aan BK Bouers) is verkeerdelik in die Junie-Kontantontvangste-joernaal (KOJ) geboekstaaf.
- Die direkte deposito deur G Glen was vir maandelikse huur.
- EFO 818 (aan VX Garage) was vir herstelwerk aan die maatskappy-voertuig. Die eienaar het nagelaat om die transaksiestrokie aan die boekhouer te oorhandig. Geen inskrywing is in die boeke gemaak nie.
- Die maandelikse transaksiefooie is op die bankstaat gedupliseer.

**D. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Junie 2023 wat nie met die Junie-bankstaat ooreenstem nie:**

- Deposito op 27 Junie: R31 500
- EFO 944: R9 700
- EFO 945: R13 300

**E.** Die eienaar het R11 000 by 'n OTM onttrek om lone op 29 Junie 2023 te betaal, maar hy het nie die boekhouer hieroor ingelig nie.

**F.** Bankstaatsaldo op 30 Junie 2023: R?

1.2 **KREDITEURE-VERSOENING**

Die inligting het betrekking op SEB Handelaars vir Augustus 2023.

**GEVRA:**

1.2.1 Met inagneming van die foute en weglatings, bereken die korrekte saldo vir die Krediteurekontrolerekening en die Krediteurelys. Dui veranderinge met 'n '+' vir 'n vermeerdering en 'n '–' vir 'n vermindering aan. (9)

1.2.2 SEB Handelaars beplan om op 31 Augustus 2023 die rekening van Phuto Handelaars ten volle te vereffen. Bereken die bedrag wat aan hulle verskuldig is. (3)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's en totale op 31 Augustus 2023 (voordat die foute en weglatings gekorrigeer word)**

| | |
|---|---|
| Krediteurekontrolerekening-saldo | R175 940 |
| Krediteurelys-totaal in die Krediteuregrootboek | R186 350 |
| **LYS VAN KREDITEURE** | |
| Phuto Groothandelaars | R64 950 |
| Planet Verskaffers | R27 200 |
| Mish Handelaars | R51 800 |
| Arial Verskaffers | R42 400 |

**B. Foute en weglatings:**

(i) Die Krediteure-afslagjoernaal(KAJ)-totaal is R3 600 te laag opgegee.

(ii) 'n Betaling van R14 250 aan Phuto Groothandelaars is foutiewelik as R15 240 na die Krediteuregrootboek-rekening oorgeboek. Die oorboeking na die Algemene Grootboek was korrek.

(iii) 'n Faktuur ontvang van Planet Verskaffers, R9 540, en in die Krediteurejoernaal (KJ) geboekstaaf, is foutiewelik na die rekening van Phuto Groothandelaars in die Krediteuregrootboek oorgeboek.

(iv) Goedere aan Mish Handelaars teruggestuur, R7 500, en in die KAJ ingeskryf, is na hulle rekening in die Krediteuregrootboek as 'n faktuur oorgeboek.

(v) SEB Handelaars het 'n aankoop van R13 280 van Arial Verskaffers in die KJ opgeteken nadat 20%-handelskorting afgetrek is. Arial Verskaffers het hulle egter laat weet dat die handelskorting waarop ooreengekom is, slegs 10% was.

**40**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 30 minute)**

2.1 **T2FIT-VERVAARDIGERS**

Die besigheid, waarvan Mark Fit die eienaar is, vervaardig T-hemde. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

**GEVRA:**

2.1.1 **Verwys na Inligting A.**

Bereken die direkte materiaalkoste. (4)

2.1.2 **Verwys na Inligting B.**

Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (7)

2.1.3 Berei die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 voor. (5)

2.1.4 Bereken die koste van die vermorsing van grondstowwe. (4)

2.1.5 Mark is bekommerd oor die verhoging in die koste van grondstowwe gedurende die finansiële jaar. Verskaf TWEE strategieë wat Mark kan gebruik om die probleem van vermorsing op te los. (2)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadrekords:**

**(i) Grondstowwe (materiaal om T-hemde te vervaardig):**

- Materiaal word uit die stoorkamer na die fabriek vir vervaardiging uitgereik.
- Die geweegdegemiddelde-metode word gebruik om die waarde van die materiaal te bepaal.

**LET WEL:** 1,2 meter materiaal word benodig om een T-hemp te maak.

Die volgende inligting is uit die rekords geneem:

| | **METER** | **BEDRAG R** |
|---|---|---|
| Voorraadsaldo op 1 Maart 2022 | 1 600 m | 64 800 |
| **Aankope** | **18 800 m** | **894 000** |
| April 2022 | 6 400 m | 288 000 |
| Augustus 2022 | 7 000 m | 336 000 |
| Januarie 2023 | 5 400 m | 270 000 |
| **Beskikbaar vir gebruik** | **20 400 m** | **958 800** |
| Grondstowwe aan die fabriek uitgereik | 18 900 m | **?** |
| Voorraadsaldo op 28 Februarie 2023 | 1 500 m | **?** |

**(ii) Goedere-in-bewerkingvoorraad:**

| | **28 Feb. 2023** | **1 Mrt. 2022** |
|---|---|---|
| Saldo | 235 500 | 0 |

**B. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R600 000 bereken. Hy het egter die volgende foute begaan wat reggestel moet word.

(i) Die eindvoorraad van die fabriek se indirekte materiaal, R7 000, is weggelaat.

(ii) Die totale water-en-elektrisiteitskoste vir die jaar, R84 000, is in die fabrieksbokoste ingesluit. Dit moet soos volg toegeken word:

| | |
|---|---|
| Kantoor | 15% |
| Verkoop en verspreiding | 25% |
| Fabriek | 60% |

(iii) Fabrieksversekering, R45 000, is toegeken volgens die ou verhouding van 3 **:** 1 **:** 2 vir die fabriek, verkope en kantoor onderskeidelik. Dit behoort volgens die vloerspasie, soos volg toegeken te word:

| Fabriek | Verkope | Kantoor |
|---|---|---|
| 1 500 $m^2$ | 300 $m^2$ | 600 $m^2$ |

**C. Addisionele inligting:**

(i) Direkte arbeidskoste, R408 600

(ii) Getal T-hemde vervaardig, 15 000 eenhede

## 2.2 LIGHTING KINGS (EDMS.) BPK.

Die besigheid vervaardig gloeilampe. Richard Smith, die HUB (hoof-uitvoerende beampte), het beplan om die produksiekoste van die Orion-gloeilampe te verminder as gevolg van tegnologiese veranderinge en om die nuwe Starlet-gloeilampe in omloop te bring deur 'n nuwe fabriek op die been te bring.

**GEVRA:**

2.2.1 Doen 'n berekening wat bevestig dat die 2023-gelykbreekpunt van 149 145 eenhede vir die Orion-gloeilampe korrek is. (3)

2.2.2 Identifiseer en verduidelik TWEE koste-items (met bedrae) wat moontlik tot die toename in die koste van produksie per eenheid bygedra het. Verskaf 'n rede in elke geval. Let op dat die huidige inflasiekoers 7% is. (6)

2.2.3 Verduidelik of die nuwe Starlet-gloeilampe 'n goeie idee was of nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

| | **FABRIEK A** | | **FABRIEK B** |
|---|---|---|---|
| | **ORION** | | **STARLET** |
| | **2023** | **2022** | **2023** |
| Getal eenhede vervaardig en verkoop | 163 000 | 198 860 | 225 000 |
| Totale produksiekoste per eenheid | R36,00 | R28,54 | R49,04 |
| Gelykbreek-eenhede | 149 145 | 124 808 | 122 104 |
| | | | |
| | **R** | **R** | **R** |
| Totale verkope | 7 498 000 | 8 352 120 | 15 300 000 |
| Verkoopprys per eenheid | 46,00 | 42,00 | 68,00 |
| Veranderlike koste per eenheid | 26,00 | 18,10 | 40,90 |
| Direkte materiaal | 10,60 | 10,20 | 22,50 |
| Direkte arbeid | 11,20 | 6,70 | 14,80 |
| Verkoop en verspreiding | 4,20 | 1,20 | 3,60 |
| | | | |
| Totale vaste koste | 2 982 900 | 2 982 900 | 3 309 000 |
| Vaste koste per eenheid | 18,30 | 15,00 | 14,71 |
| Fabrieksbokoste | 2 314 600 | 2 314 600 | 2 640 700 |
| Fabrieksbokoste per eenheid | 14,20 | 11,64 | 11,74 |
| Administrasiekoste | 668 300 | 668 300 | 668 300 |
| Administrasiekoste per eenheid | 4,10 | 3,36 | 2,97 |

**35**

**VRAAG 3: BEGROTINGS** **(40 punte; 30 minute)**

Die inligting het betrekking op Sunday Winkels (Edms.) Bpk. Adam Stevens is die eienaar van die besigheid.

**GEVRA:**

3.1 **Verwys na Inligting B.**

Identifiseer:

- TWEE items wat foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf is. (2)
- TWEE items in die Kontantbegroting wat NIE in 'n Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal verskyn NIE. (2)

3.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2023. (8)

3.3 **Verwys na Inligting A en B.**

Bereken die bedrae wat deur **(i)** tot **(iv)** aangedui is. (12)

3.4 **Verwys na Inligting G (begrote en werklike syfers).**

3.4.1 Om verkope te verhoog, het Adam besluit om die manier waarop verkoopspersone maandeliks betaal word, vanaf 1 November 2023 te verander. Die verkoopspersone het die verandering aanvaar.

- Verduidelik die veranderinge wat Adam gemaak het. (2)
- Verduidelik waarom sommige verkoopspersone spyt was oor hulle besluit om hierdie veranderinge te aanvaar. Haal syfers aan of toon berekeninge. (3)
- Adam is van mening dat die besluit die maatskappy bevoordeel het, terwyl die verkoopsbestuurder, Milly, bekommerd is dat dit nie die maatskappy bevoordeel het nie. Verskaf EEN punt (met syfers of berekeninge) om ELK van hierdie opinies te ondersteun. (4)

3.4.2 Adam is bekommerd oor die stygende huuruitgawes en beplan om die eiendom te koop.

- Bereken die netto effek van hierdie aankoop op die ontvangste en betalings in die Kontantbegroting. (5)
- Gee EEN rede waarom Adam besluit het om met hierdie aankoop voort te gaan. (2)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste:**

| | OKT. 2023 | NOV. 2023 | DES. 2023 |
|---|---|---|---|
| Verkope | R1 067 500 | R1 085 000 | R1 137 500 |
| Koste van verkope | | (620 000) | |
| Huuruitgawes | | | 31 640 |
| Korting toegestaan | | **(i)** | 13 650 |
| Waardevermindering | 13 300 | 13 300 | 13 300 |
| Oninbare skulde | 12 000 | 12 180 | 10 710 |

**B. Uittreksel uit die Kontantbegroting wat deur die boekhouer opgestel is:**

| **ONTVANGSTE** | **NOV. 2023<br>R** | **DES. 2023<br>R** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | 434 000 | |
| Kontant van debiteure | 610 470 | **?** |
| Rente op spaarrekening | 1 200 | **(ii)** |
| Rente op vaste deposito | 7 500 | 7 500 |
| Korting ontvang | 5 200 | 6 700 |
| **BETALINGS** | | |
| Betalings aan krediteure | 580 000 | **(iii)** |
| Salarisse van verkoopspersone | 72 000 | 72 000 |
| Huuruitgawe | **(iv)** | 31 640 |
| Afleweringsuitgawes | 43 400 | 43 400 |
| Voertuiginstandhouding | 16 800 | 16 800 |
| Ouditfooie | 72 000 | 0 |
| Oninbare skulde | 12 180 | **?** |
| Waardevermindering | 13 300 | 13 300 |

**C. Verkope en invordering vanaf debiteure:**

Kredietverkope beloop 60% van die totale verkope.

Debiteure betaal volgens die volgende tendense:

- 40% word ingevorder in die maand van verkope. Hulle ontvang 'n 5%-korting.
- 50% word ingevorder in die maand wat volg op die maand van verkope.
- 8% word ingevorder twee maande ná verkope.
- 2% word afgeskryf as oninbaar in die derde maand ná verkope.

**D. Voorraadaankope en betalings aan krediteure:**

- Die winsopslag is 75% op kosprys.
- Voorraad word vervang in die maand van verkope. 'n Basisvoorraad word gehandhaaf.
- Alle voorraadaankope is op krediet.
- Krediteure word twee maande ná aankope ten volle betaal.

**E.** Huuruitgawes sal na verwagting vanaf 1 Desember 2023 met 13% verhoog.

**F.** Die spaarrekening sal op 1 Desember 2023 met R84 000 verhoog word. Rente teen 4% p.j. word nie gekapitaliseer nie en is aan die einde van elke maand ontvangbaar.

**G. Begrote en werklike syfers vir November 2023:**

| | BEGROOT | WERKLIK |
|---|---|---|
| Gemiddelde getal klante | 480 | 640 |
| Kontantverkope | R434 000 | R341 800 |
| Kredietverkope | 651 000 | 1 068 700 |
| Totale verkope | 1 085 000 | 1 410 500 |
| Salarisse: Verkoopspersone | 165 000 | 20 000 |
| Kommissie: Verkoopspersone | 0 | 141 050 |
| Afleweringsuitgawes | 43 400 | 79 300 |

**H. Inligting ten opsigte van die aankoop van die eiendom:**

Adam beplan om die aankoop van die eiendom te finansier deur 'n lening aan te gaan en die vaste deposito wat verval, te gebruik.

| | |
|---|---|
| Kosprys van die eiendom | R 2 500 000 |
| Vaste deposito wat op 1 Januarie 2024 verval | 1 000 000 |
| Nuwe lening by BK Bank op 1 Januarie 2024 | 1 500 000 |
| Rente op lening vir Januarie 2024 | 18 750 |
| Maandelikse instandhouding, eiendomsbelasting en versekering | 12 500 |

**40**

**VRAAG 4: VOORRAADWAARDASIE EN VASTE BATES (35 punte; 30 minute)**

4.1 Kies die korrekte kostebegrippe uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die (periodieke/deurlopende) voorraadstelsel boekstaaf die koste van goedere wat by die verkooppunt verkoop word.

4.1.2 Die (eerste-in-eerste-uit/geweegdegemiddelde)-metode is meer geskik vir lae-koste-voorraaditems wat op 'n meer gereelde basis aangekoop word.

4.1.3 Die (eerste-in-eerste-uit/geweegdegemiddelde)-voorraadwaardasie-metode sal eindvoorraad teen die mees onlangse voorraadpryse waardeer. (3 x 1) (3)

4.2 **VOORRAADWAARDASIE**

Clearview Elektronika se eienaar is Sipho Cossa. Die besigheid verkoop twee drukkermodelle, Hawi en Yama. Die spesifieke identifikasiemetode word gebruik om hulle voorraad te waardeer. Hulle finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig. Goeie interne beheermaatreëls het verseker dat daar geen voorraadtekorte was nie.

**GEVRA:**

4.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2023. Gebruik die spesifieke identifikasiemetode. (6)

4.2.2 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die Hawi-drukkers se eindvoorraad te verkoop. (4)

4.2.3 Verduidelik of Sipho oor die voorraadhoudingsperiodes van die Hawi- en Yama-drukkers bekommerd behoort te wees. Haal syfers aan. Gee moontlike redes vir die verskil in voorraadhoudingsperiodes van die twee modelle. (6)

**INLIGTING:**

| Voorraad-rekords | Model | Eenhede aangekoop | Kosprys | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Beginvoorraad | Hawi | 90 | R3 800 | R342 000 |
| Aankope | | **835** | | **R3 969 950** |
| | Hawi | 340 | R3 800 | R1 292 000 |
| | Yama | 495 | R5 410 | R2 677 950 |
| Terugsendings | Hawi | 5 | R3 800 | R19 000 |

**Drukkerverkope en voorraadhoudingsperiodes:**

| Model | Eenhede verkoop | Verkoopprys | Voorraadhoudings-periode |
|---|---|---|---|
| Hawi | 300 | R5 700 | **?** |
| Yama | 430 | R7 300 | 55,2 dae |

4.3 **VASTE BATES**

Die inligting het betrekking op vaste/tasbare bates van Thembeka (Edms.) Bpk. Lee Klou is die HUB. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

4.3.1 Bereken die volgende:

- Kosprys van voertuie op 1 Maart 2022 (3)
- Inruilwaarde ontvang vir die voertuig wat op 1 Junie 2022 van die hand gesit is (5)

4.3.2 Die boekhouer het die waardevermindering van die rekenaars soos volg bereken:
R300 000 x 25% = R75 000

Verduidelik aan hom waarom sy metode verkeerd is en verskaf 'n berekening om jou verduideliking te ondersteun. (4)

4.3.3 Die HUB, Lee Klou, wil die maatskappy se beeld verbeter deur die ou rekenaars in Maart 2023 aan 'n plaaslike skool te skenk. Hy beplan ook om die sagteware van hierdie rekenaars teen 'n ekstra koste van R20 000 op te gradeer. Die aandeelhouers is van mening dat die ou rekenaars teen 'n wins verkoop behoort te word.

Verduidelik TWEE moontlike punte wat die HUB kan aanvoer om sy besluit te ondersteun. (4)

**INLIGTING:**

**A. Waardeverminderingsbeleid:**

- Voertuie: 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode
- Rekenaars: 25% p.j. op kosprys

**B. Saldo's:**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Voertuie | 930 000 | **?** |
| Rekenaars | 300 000 | 300 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 275 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op rekenaars | **?** | 262 500 |

**C.** 'n Voertuig is op 1 Junie 2022 ingeruil vir 'n nuwe een wat R260 000 gekos het. Die uittreksel uit die Vastebateregister toon die volgende:

| **Bate** | Hyundai XL | |
|---|---|---|
| **Aankoopdatum:** | 1 Maart 2020 | |
| **Kosprys:** | R180 000 | |
| **Waardeverminderingkoers:** | 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode | |
| **Datum** | **Waarde-vermindering** | **Opgehoopte waardevermindering** |
| 28 Februarie 2021 | R36 000 | R36 000 |
| 28 Februarie 2022 | R28 800 | R64 800 |
| 1 Junie 2022 | **R?** | **R?** |

**LET WEL:** Die wins op die verkoop van hierdie voertuig was R5 560.

**35**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2023

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.**

## VRAAG 1

### 1.1 BANKVERSOENING

1.1.1

| TOTALE ONTVANGSTE | TOTALE BETALINGS |
|---|---|
| 81 300 | 80 620 |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

12

| Banksaldo in die Algemene Grootboek op 30 Junie 2023 | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

1.1.2 **Kies slegs EEN templaat hieronder om hierdie vraag te beantwoord.**

**TWEEKOLOMMETODE**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 JUNIE 2023 | | |
|---|---|---|
| | **DEBIET** | **KREDIET** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

8

**OF**

**EENKOLOMMETODE**

| BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 JUNIE 2023 | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

8

**1.1.3** **Verduidelik TWEE strategieë wat die besigheid kan gebruik om die probleem van kontant wat vermis raak, op te los.**

| |
|---|
| 4 |

**1.2.1 KREDITEURE-VERSOENING**

| NR. | KREDITEURE-KONTROLE | KREDITEURE-LYS |
|---|---|---|
| Voorlopige saldo's | 175 940 | 186 350 |
| (i) | | |
| (ii) | | |
| (iii) | | |
| (iv) | | |
| (v) | | |
| | | |

| |
|---|
| 9 |

**1.2.2** **SEB Handelaars beplan om op 31 Augustus 2023 die rekening van Phuto Handelaars ten volle te vereffen. Bereken die bedrag wat aan hulle verskuldig is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 64 950 | |

| |
|---|
| 3 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 40 |

## VRAAG 2

### 2.1 T2FIT-VERVAARDIGERS

2.1.1

| Bereken direkte materiaalkoste. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

2.1.2

| Bereken fabrieksbokoste vir die jaar. | |
|---|---|
| **Foutiewe totaal** | **600 000** |
| | |
| | |
| | |
| **Korrekte totaal vir fabrieksbokoste** | |

| |
|---|
| |
| 7 |

2.1.3

| PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2023 | |
|---|---|
| | |
| **Direkte arbeidskoste** | **408 600** |
| | |
| | |
| **Totale koste van produksie** | |
| | |
| | |
| | |
| **Koste van produksie van klaarprodukte** | |

| |
|---|
| |
| 5 |

2.1.4

| **Bereken die koste van die vermorsing van grondstowwe.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

2.1.5

| |
|---|
| **Mark is bekommerd oor die verhoging in die koste van grondstowwe gedurende die finansiële jaar. Verskaf TWEE strategieë wat Mark kan gebruik om die probleem van vermorsing op te los.** |

| |
|---|
| |
| **2** |

## 2.2 LIGHTING KINGS (EDMS.) BPK.

2.2.1

| |
|---|
| **Doen 'n berekening wat bevestig dat die 2023-gelykbreekpunt van 149 145 eenhede vir die Orion-gloeilampe korrek is.** |

| |
|---|
| |
| **3** |

**2.2.2** **Identifiseer en verduidelik TWEE koste-items (met bedrae) wat moontlik tot die toename in die koste van produksie per eenheid bygedra het. Verskaf 'n rede in elke geval. Let op dat die huidige inflasiekoers 7% is.**

| | KOSTE (met syfers) | REDE VIR VERANDERING |
|---|---|---|
| **Punt 1** | | |
| **Punt 2** | | |

| |
|---|
| 6 |

**2.2.3** **Verduidelik of die nuwe Starlet-gloeilampe 'n goeie idee was of nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.**

| |
|---|
| 4 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

## VRAAG 3

**3.1**

| **Identifiseer TWEE items wat foutiewelik in die Kontantbegroting ingeskryf is.** | |
|---|---|
| | 2 |
| **Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat NIE in 'n Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal verskyn NIE.** | |
| | 2 |

**3.2 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE**

| MAANDE | KREDIET-VERKOPE | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|
| SEPTEMBER | 535 500 | 42 840 | |
| OKTOBER | 640 500 | 320 250 | |
| NOVEMBER | 651 000 | 247 380 | |
| DESEMBER | 682 500 | | |
| KONTANT VAN DEBITEURE | | 610 470 | |

8

**3.3 Bereken:**

| **(i) Korting toegestaan in November 2023** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| | |
|---|---|
| | |
| | 3 |

| **(ii) Rente op spaarrekening in Desember 2023** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| | |
|---|---|
| | |
| | 4 |

| **(iii) Betalings aan krediteure in Desember 2023** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| | |
|---|---|
| | |
| | 3 |

| **(iv) Huuruitgawe vir November 2023** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| | |
|---|---|
| | |
| | 2 |

**3.4.1**

| **Verduidelik die veranderinge wat Adam gemaak het.** | |
|---|---|
| | **2** |
| **Verduidelik waarom sommige verkoopspersone spyt was oor hulle besluit om hierdie veranderinge te aanvaar. Haal syfers aan of toon berekeninge.** | |
| | **3** |
| **Adam is van mening dat die besluit die maatskappy bevoordeel het, terwyl die verkoopsbestuurder, Milly, bekommerd is dat dit nie die maatskappy bevoordeel het nie. Verskaf EEN punt (met syfers of berekeninge) om ELK van hierdie opinies te ondersteun.** | |
| **ADAM** | |
| **MILLY** | |
| | **4** |

**3.4.2**

| **Bereken die netto effek van die aankoop van die eiendom op die ontvangste en betalings in die Kontantbegroting.** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| | | **5** |
| **Gee EEN rede waarom Adam besluit het om met hierdie aankoop voort te gaan.** | | |
| | | **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**VRAAG 4**

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |

**3**

**4.2.1** **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2023. Gebruik die spesifieke identifikasiemetode.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

**6**

**4.2.2** **Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die Hawi-drukkers se eindvoorraad te verkoop.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

**4**

**4.2.3** **Verduidelik of Sipho oor die voorraadhoudingsperiodes van die Hawi- en Yama-drukkers bekommerd behoort te wees. Haal syfers aan. Gee moontlike redes vir die verskil in vooraadhoudings-periodes van die twee modelle.**

**6**

4.3.1

| Bereken die kosprys van voertuie op 1 Maart 2022. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

| Bereken die inruilwaarde ontvang vir die voertuig wat op 1 Junie 2022 van die hand gesit is. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

4.3.2

**Verduidelik aan die boekhouer waarom sy metode verkeerd is:**

**Verskaf 'n berekening om jou verduideliking te ondersteun:**

4

4.3.3

**Verduidelik TWEE moontlike punte wat die HUB kan aanvoer om sy besluit te ondersteun.**

4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

